Huwelik Pierre & Nikolien du Toit / van Rooyen 16 Nov. 1996

Skrif: Efese 5 vs 1-2 + 6-9

Teks: Efese 5 vs 2 - Lewe in liefde

" 5 vs 8 - Leef dan as mense v.d. lig.

In ons Koerante, oor die radio, in Televisieberigte is daar 'n woord wat vandag gereeld gehoor & gebruik word: deursigtigheid (Transparency), veral met verwysing na die regering en die sakewêreld.

Sowel in regeringskringe as in die sakewêreld beklemtoon leiers die behoefte aan en die noodsaaklikheid van deursigtigheid = openheid, eerlikheid, betroubaarheid. Ek is seker almal van ons wat vandag hier is, stem saam met so 'n pleidooi vir deursigtigheid, openheid, eerlikheid. // Transparency International //

As ek Efese se brief lees val dit my op dat sonder dat Paulus iets geweet het van Transparency het hy die werklike boodskap van deursigtigheid baie deeglik begryp & beklemtoon ~~ook~~ veral in sy brief a.d. Efesiërs. Hy rig sy bdsk. tot die gemeente van Christene in sy oproep dat die gemeente 1) in liefde moet lewe 2) as mense v.d. lig moet lewe. Wat hy van

die gemeente en hier die gemeente sê, is in 'n be-
sonder sin waar van die huwelik – veral van
'n Christelike huwelik. Elke huwelik wat wil
standhou, word gebou op 2 hoekpilare:
(naas die ander grondpilare): Liefde en lig
Liefde is die een noodsaaklike Komponent van 'n
gelukkige huwelik (wat dit alles sê insluit)
Maar die tweede en ewe belangrike Komponent
van 'n gelukkige huwelik is lig = deursigtigheid,
openheid tot mekaar. As 'n man en vrou
mekaar werklik liefhet, leef hulle in mekaar
se lig; en waar hulle in die lig lewe,
is dit omdat hulle mekaar vertrou, mekaar
se integriteit nie bevraagteken nie.

Daar is niks mooiers, niks beter, niks
hoër wat ek julle as Evang. dienaar en
as mede-Xten kan toewens, Pierre & Nikolien
as hd. bede: Lewe in liefde, lewe i.d. lig!
Wie só liefhet en só lewe, lewe in die
seën van die Allerhoogste!

Amen